SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

# Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (SURF): Gids vir die aftreeproses

### Die kern van hierdie gids

Om SURF-lede deur die aftreeproses te lei.

## 1. Inleiding

Die besluite oor jou finansiële toekoms wat jy vóór jou aftrede neem, sal bepaal hoe jou jare ná aftrede verloop. Dit is onder andere belangrik om jou huidige maandelikse lewenskoste in ag te neem, want jou maandelikse pensioen moet ten minste genoeg wees om dit te dek. Boonop moet jy sorg dat jou pensioen sal groei om jou teen inflasie te beskerm.

Hierdie gids is bedoel om jou ingeligte besluite oor die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (hierna ‘die Fonds’) te help neem. Lees dit asseblief sorgvuldig deur, en raadpleeg ’n finansiële raadgewer vir enige verdere bystand. As jy ouer is as 53, kom jy in aanmerking vir gratis finansiële advies van ’n lid van ons raadgewerspaneel. (Paragraaf 7 bevat verdere inligting hieroor.)

Vir enige ander bystand, kontak gerus Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum by 021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za.

## 2. Agtergrond: Hoe werk die Fonds?

Die Fonds is ’n omskrewebydraefonds. Dít beteken dat bydraes as ’n vaste persentasie van ’n lid se pensioengewende salaris bereken en maandeliks in die Fonds inbetaal word. Hierdie bydraes word dan belê om ’n beleggingsopbrengs te verdien. Alle beleggingsopbrengste, wat rente én kapitaalgroei insluit, word daagliks as beleggingsinkomste toegeken. Die Fonds se bates word in gebalanseerde beleggingsportefeuljes belê wat uit beleggings in verskeie bateklasse, naamlik aandele, obligasies en eiendom, bestaan. Die markwaarde van hierdie bates kan wisselvallig wees, so die groei op die beleggings verander voortdurend en kan selfs van tyd tot tyd negatief wees.




Boonop betaal die US as deel van werknemers se koste van indiensname maandelikse bydraes (versekeringspremies) vir sterfte- en ongeskiktheidsdekking. Die Fonds se administrasiekoste word ook uit hierdie bydraes betaal. ’n SURF-lid se opgelope bydraes, tesame met die groei op die belegging, maak die persoon se fondskrediet uit.

## 3. Aftreeouderdom

Die normale aftreeouderdom is 65 (d.w.s. jy moet aftree teen 31 Desember van die jaar waarin jy 65 word) of soos wat jou dienskontrak bepaal.

Die besluit oor op watter ouderdom jy aftree, is belangrik. Jou fondskrediet, tesame met enige ander geld wat jy dalk gespaar het, moet genoeg wees om jou hele aftrede lank te hou. Hoe later jy aftree, hoe meer tyd het jou fondskrediet om aan te groei.




## 4. Aftreevoordeel

Wanneer jy aftree, kan jy die volle gedeelte van die gevestigde pot wat tot en met 28 Februarie 2021 bygedra is, plus groei daarop, of deel daarvan in kontant neem. Jy mag ook jou spaarpot in kontant neem. Die balans word gebruik om 'n annuïteit (pensioen) te koop. Die Fonds se administrateurs, wat jou fondskrediet sal bereken, moet weet watter gedeelte van jou voordeel jy in kontant wil onttrek en/of in watter annuïteitsproduk jy (die res van) jou fondskrediet wil belê. Verdere inligting is hier te kry.

## 5. Beskikbare opsies wanneer jy aftree

### 5.1 Stel uittrede uit die Fonds uit, d.w.s. neem jou aftreevoordeel later

As jy hierdie opsie kies, word jy 'n 'uitgestelde' of gefasseerde afgetredene'. Dít beteken dat jou geld in dieselfde portefeulje in die Fonds belê sal bly totdat jy kies om die Fonds te verlaat. Jy sal steeds beleggingskeuses kan uitoefen en jou beleggings kan verskuif. As jy tydelik by die US in diens is en die bydraes via die betaalstelsel afgetrek kan word, sal jy ook verdere bydraes kan maak. Nietemin eindig die goedgekeurde lewensdekking (eggenoot- en kinderpensioen) wanneer jy die Universiteit se diens verlaat.



Indien jy sou sterf terwyl jy 'n uitgestelde afgetredene is, is die bepalings van artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse van toepassing. Die trustees van die Fonds sal op die toekenning van die sterftevoordeel besluit, met inagneming van die begunstigdes wat jy op jou begunstigdebenoemingsvorm aangedui het. Daarom is dit belangrik om jou benoemingsvorm bygewerk te hou.

Uitgestelde afgetredenes moet ook die Fonds op hoogte hou van hulle kontakbesonderhede om voortgesette kommunikasie te verseker.

### 5.2 Plaas jou volle aftreevoordeel oor na 'n uittreeannuïteitsfonds

Jy kan enige van die volgende annuïteite kies:

#### 5.2.1 Lewens- of gewaarborgde annuïteit

'n Gewaarborgde annuïteit is 'n kontrak tussen jou en die versekeringsmaatskappy waarvolgens die versekeraar onderneem om jou in ruil vir 'n vasgestelde eenmalige bedrag 'n gereelde maandelikse

pensioen vir die res van jou lewe te betaal. Hierdie tipe annuïteit keer dat jy jou aftreekapitaal opgebruik.

Die Fonds waarborg nie die maandelikse inkomstebedrag nie, want die maandelikse bedrag hang af van:

- die waarde van jou aftreevoordeel ingevolge die Fonds;
- hoeveel van jou voordeel jy gebruik het om ’n pensioenproduk te koop; en
- die voordele wat die bepaalde versekeringsmaatskappy bied.

Versekeraars neem verskeie faktore in ag wanneer hulle bereken hoeveel jy maandeliks sal ontvang. Hoewel hierdie faktore kortliks hier onder uiteengesit word, is dit raadsaam om die besonderhede daarvan met ’n finansiële raadgewer te bespreek.

### Jou ouderdom

Versekeraars vereis ’n groter aanvanklike bedrag van ’n jonger afgetredene. Dít is omdat ’n jonger persoon na verwagting langer ná aftrede sal leef, in welke geval die versekeraar meer pensioenuitbetalings sal moet doen. Om dieselfde rede sal ’n ouer persoon met dieselfde kapitaalbedrag ’n groter maandelikse pensioen kan koop.

### Voorsiening vir jou eggenoot

Jy kan reël dat jou pensioenbetalings ná jou afsterwe voortduur, in welke geval dit uitbetaal sal word aan jou eggenoot of ’n ander persoon wat jy benoem. Versekeraars vra méér vir ’n pensioenproduk wat vir ’n eggenoot of ander begunstigde voorsiening maak, want hulle verwag om hierdie tipe pensioen vir ’n langer tydperk uit te betaal. Hoewel jou maandelikse pensioen dalk kleiner sal wees, sal jy die gemoedsrus hê dat jou eggenoot of ander afhanklike ná jou dood finansieel versorg sal wees.

### Insluiting van ’n gewaarborgde uitbetalingstydperk

Indien jy ongetroud is of nie vir ’n eggenootpensioen voorsiening gemaak het nie, eindig of verminder jou pensioenuitbetalings gewoonlik indien jy kort na jou aftrede te sterwe kom. Jy kan egter ’n gewaarborgde uitbetalingstydperk by jou pensioenkontrak insluit sodat jou volle pensioen vir die res van die gewaarborgde tydperk nog aan jou benoemde of boedel uitbetaal word.

Die algemeenste gewaarborgde tydperke is hetsy vyf of tien jaar.

’n Pensioenproduk wat vir ’n gewaarborgde tydperk voorsiening maak, kos ietwat meer.

### Voorsiening vir pensioenverhogings

Indien jou pensioenbedrag elke jaar dieselfde bly, sal inflasie geleidelik die koopkrag van jou pensioen begin verminder. Gestel lewenskoste verhoog met 6% per jaar, maar jou pensioen bly onveranderd. Twaalf jaar ná aftrede sal jy slegs die helfte kan bekostig van wat jy by jou aftrede met jou pensioen kon gekoop het. Daarom is dit noodsaaklik om deur jou lewensannuïteit vir pensioenverhogings voorsiening te maak. Dít word op verskillende maniere gedoen.

’n Pensioen wat nie vir voldoende toekomstige verhogings voorsiening maak nie, sal jou in jou vroeë aftreejare van ’n groter inkomste voorsien, maar jou lewenstandaard sal dramaties afneem namate jy ouer word.

### 5.2.2 Lewende annuïteite

Met 'n lewende annuïteit word jou enkelbedrag belê in 'n portefeulje van jou keuse, wat aan jou annuïteit gekoppel is. Jy besluit een maal per jaar hoeveel inkomste jy uit hierdie beleggingsportefeulje wil onttrek. Jou onttrekkings moet tussen 2,5% en 17,5% van die markwaarde van die belegging wees. Die verskil tussen die bedrag wat jy uit die belegging onttrek en die opbrengs op die belegging word herbelê sodat die beleggingsportefeulje kan aanhou groei. Hoe minder jy dus elke jaar onttrek, hoe groter word jou beleggingsportefeulje.

Nietemin hou lewende annuïteite ook sekere risiko's in, soos dat:

- inflasie die koopkrag van jou beleggingsportefeulje kan verbysteek indien jy aanvanklik te veel onttrek;
- jy jou hele pensioen kan opgebruik voordat jy sterf; en
- jy self die volle beleggingsrisiko verbonde aan die portefeulje dra.




Jy sal 'n kenner moet raadpleeg om te besluit op 'n geskikte lewende annuïteitsproduk, hoeveel om jaarliks te onttrek, en 'n verstandige beleggingstrategie. Indien jy daarin belang stel om so 'n produk te koop, maak gerus 'n afspraak met 'n finansiële raadgewer.

### 5.2.3 Lewende annuïteit binne die Fonds

Die Fonds se eie lewende annuïteite bied 'n soomlose oorgang van aktiewe lid tot pensioenaris. Indien jy kies om aan die lewende annuïteite binne die Fonds deel te neem, hoef jy nie die Fonds by aftrede te verlaat nie. Die bedrag wat jy as 'n lid van die Fonds vir jou aftrede gespaar het en wat jy nié as 'n enkelbedrag kontant neem nie, word gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop.

Die Fonds bied 'n verstek- sowel as 'n pasgemaakte opsie. Die **verstekopsie** is wat die trustees as die beste opsie vir die gemiddelde lid beskou. Onttrekkingskoerse is vasgestel, en geen beleggingskeuses word toegelaat nie. Verdere besonderhede van die verstekopsie is soos volg:

- 'n Minimum van R247 500 word vereis.
- Die administrasiefooi is 0,1% van jou bates per jaar, tot en met 'n maksimum batewaarde van R4 miljoen.
- Die basisbeleggingsfooi is ongeveer 1% van bates per jaar.
- Indien jy te sterwe kom, word die voordele ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse verdeel. 'n Eggenoot kan kies om die lewende annuïteit binne die Fonds voort te sit.
- Jy kan in enige stadium onttrek en die voordeel ingevolge artikel 14 van die Wet op Pensioenfondse na 'n goedgekeurde lewens- of lewende annuïteit by 'n ander goedgekeurde verskaffer oorplaas.
- Jy kan nie op of ná jou aftreedatum geld uit ander goedgekeurde fondse na die Fonds oorplaas nie.



Daarteenoor bied die **pasgemaakte opsie** lede vryer beleggingskeuses sowel as meer buigsaamheid ten opsigte van onttrekkingskoerse.

Huidige onttrekkingskoerse is soos volg:

| Age band | Trustees’ Default option withdrawal rate for males | Trustees’ Default option withdrawal rate for females* | Customised option withdrawal rate for males and females |
|---|---|---|---|
| 55 to 59 | 4.0% | 3.5% | 2.5% to 7.0% |
| 60 to 64 | 4.4% | 3.8% | 2.5% to 8.0% |
| 65 to 69 | 4.9% | 4.2% | 2.5% to 9.0% |
| 70 to 74 | 5.6% | 4.7% | 2.5% to 10.0% |
| 75 to 79 | 6.3% | 5.2% | 2.5% to 12.0% |
| 80 to 84 | 7.3% | 5.8% | 2.5% to 15.0% |
| 85 and older | 8.7% | 7.0% | 2.5% to 17.5% |

Jy kan in enige stadium van die verstek- na die pasgemaakte opsie oorskuif. Nietemin kan jy slegs by die herdenking van jou aftrede van die pasgemaakte na die verstekopsie oorslaan.

### 5.3 Neem ’n gedeelte in kontant, en gebruik die res om ’n annuïteit (pensioen) te koop



Jy sal belasting betaal op enige gedeelte van jou aftreevoordeel wat jy as ’n enkelbedrag kontant onttrek. Hierdie belasting word volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se aftreebelastingtabel bereken. Vra gerus ’n finansiële raadgewer vir inligting oor hoeveel belasting jy sal betaal na gelang van die spesifieke bedrag wat jy wil neem. Neem ook kennis van die aftreehervormings wat op 1 Maart 2021 in werking getree het.

Indien jy kies om ’n gedeelte van jou voordeel in kontant te neem en die res te gebruik om ’n annuïteit te koop, word die res van jou geld oorgeplaas na jou voorkeur-annuïteitsverskaffer, wat jou gekose pensioenproduk sal koop (sien uiteensetting van opsies onder 5.2). Daarna sal jy ’n maandelikse inkomste ontvang uit die annuïteit wat jy gekoop het. Die maandelikse pensioen is belasbaar.

### 5.4 Neem jou volle aftreevoordeel as ’n enkelbedrag kontant



As jy jou volle aftreevoordeel in kontant neem, sal jy volgens die SAID-aftreebelastingtabel daarop belas word. Vra liefs ’n finansiële raadgewer om die volledige belastingimplikasies van hierdie opsie aan jou te verduidelik. Maak seker dat jy die raadgewer ten volle inlig van alle ander voorsiening wat jy vir jou aftrede gemaak het sodat jy die heel akkuraatste advies moontlik kry.

Die Fondsadministrateurs is verplig om jou belastingaanspreeklikheid direk van jou enkelbedrag kontant af te trek en slegs die netto voordeel aan jou uit te betaal. Jy kan slegs jou uitbetaling ontvang nadat die SAID die administrateurs van ’n belastingdirektief voorsien het. Indien jou belastingsake nie in orde is nie, kan die SAID die direktief terughou, wat die uitbetaling van jou aftreevoordeel kan vertraag.

## 6. Voorligting oor aftreefondsvoordele

Die Fonds bied lede sedert 1 Maart 2019 persoonlike voorligting oor aftreevoordele voordat hulle die Fonds verlaat. Gedurende so 'n voorligtingsessie ontvang lede 'n duidelike en eenvoudige verduideliking van die risiko's, koste en heffings verbonde aan die beskikbare Fondsopsies. Lede sal in besonder leiding ontvang ten opsigte van:

- die beskikbare beleggingsportefeuljes;
- die beskikbare bewaringsopsies in die Fonds;
- die Fonds se annuïteit- (pensioen-)strategie; en
- enige ander beskikbare moontlikhede.

Die voorligter sal jou sowat ses maande voor jou normale aftreedatum van 'n dokument met aftree-inligting voorsien. Dit sal die Fonds se annuïteitstrategie verduidelik, sowel as die opsies wat die Fonds bied. Die dokument sal ter illustrasie ook kwotasies insluit vir 'n inflasiegekoppelde annuïteit by drie voorkeurdiensverskaffers, naamlik Momentum, Sanlam en Just SA, sowel as onttrekkingskoerse vir die lewende annuïteit binne die Fonds. Daarna sal die voorligter jou kontak om te reël dat julle persoonlik ontmoet.

Let egter daarop dat voorligting oor aftreevoordele NIE advies insluit nie, nie eens oor belastingsake nie. Vir professionele advies kan lede 'n afspraak met 'n finansiële raadgewer van een van die Fonds se vyf voorkeuradviesfirmas maak (sien afdeling 7 hier onder).

## 7. Finansiële advies

Jy word aangeraai om 'n finansiële raadgewer te nader voordat jy besluit watter annuïteitsproduk om te koop of hoe om die onttrekking van jou aftreevoordeel te struktureer. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangeraai om 'n raadgewer te nader.

Om jou hiermee by te staan, het die Fonds 'n paneel van vyf adviesfirmas gekontrakteer by wie lede kan raad vra. Hierdie adviesdiens is gratis vir lede van 53 jaar en ouer. Die diensverskaffers in die paneel is soos volg:

**AlexForbes Finansiële Beplannigskonsultante:** +27 (0)21 809 3750 / wesselsw@alexforbes.co.za

**Consult (Momentum):** +27 (0)861 777 750 / mc.theart@consultm.co.za

**Finfocus:** +27 (0)21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:** +27 (0)21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

**Sanlam Finansiële Advies:** +27 83 375 9831 / hanlie.wethmar@sanlam.co.za

Die Fonds sal vir twee konsultasies met een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan in enige stadium vanaf 53-jarige ouderdom plaasvind, en die tweede in die 12 maande voor aftrede.

Om die voordeel te gebruik is maklik – volg net hierdie stappe:

1. Kies ’n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) om ’n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak ’n afspraak met jou gekose diensverskaffer, en neem die koepon saam as bewys dat jy daarop geregtig is om van die diens gebruik te maak.

Jy kan vra dat die raadgewers verklaar op watter vlak hulle kommissie verdien.

## 8. Vrae en antwoorde

### 8.1 Gestel my aftreevoordeel word nie op die vereiste tyd uitbetaal nie, sal ek steeds inkomste op die bedrag verdien?

Ja, beleggingsopbrengs word tot en met die datum van uitbetaling toegeken.

### 8.2 Wanneer kan ek my aftreevoordeel verwag?

Die administrateurs doen hulle bes om aftreevoordele binne ses tot agt weke na die laaste diensmaand uit te betaal, mits:

- die aftree-eisvorm volledig ingevul en deur Menslike Hulpbronne nagegaan is;
- inligting verstrek is oor die annuïteitsproduk waarvoor geld oorgeplaas moet word (indien jy gekies het om ’n annuïteitsproduk te koop);
- die administrateurs die aftreevoordeel, wat die beleggingsopbrengs op die voordeel insluit, bereken het; en
- die SAID ’n belastingdirektief uitgereik het.

Die algemeenste redes vir laat uitbetaling van voordele is onvolledige eisvorms en die SAID wat weier om ’n belastingdirektief uit te reik as gevolg van kwessies met die lid se belastingsake.

### 8.3 Sal ek enige kommunikasie oor die aftree-proses ontvang?

Werknemers wat aftree op die normale aftreedatum (Desember in die jaar wat jy ouderdom 65 bereik) sal ŉ omvattende persoonlike elektroniese verslag ontvang, 6 maande voor die normale aftreedatum.

Die verslag sal belangrike informasie rakende jou aftrede-proses insluit soos jou aftreefonds waarde, jou voortsetting van werknemer voordele inligting, die opsie om jou SUN e-posadres voort te sit en vele meer.

Die verslag kan gebruik word as ŉ riglyndokument om ‘n soomlose aftree-proses te verseker.

## *LET WEL*

Hierdie gids lig slegs ’n paar belangrike aspekte van aftrede by die US uit, en is nie veronderstel om ’n volledige, omvattende dokument te wees nie.

Hoewel die inhoud van die gids van tyd tot tyd bygewerk word, kan veranderinge in wetgewing of Universiteitsbeleid sekere teenstrydighede veroorsaak. ’n Finansiële raadgewer sal beskikbaar wees om personeel van enige onlangse wetswysigings in kennis te stel.

Die gids beskryf verskillende voordele wat die Fonds bied. Die voordele word in die geregistreerde Fondsreëls uiteengesit. Hoewel die gids sorgvuldig opgestel is om akkuraatheid te verseker, geld die Fondsreëls in geval van enige teenstrydighede.